## Afdeling A: Leesbegrip [12]

### Vraag 1: Gedig

Lees die volgende gedig mooi deur en beantwoord dan die vrae:

## Snoepietyd

Boeta hou baie van die skool se snoepie,
geen wonder hy kry al 'n ronder boepie.

"Een koeldrank en 'n stokkielekker,"
vra hy eerste pouse vir Juffrou Bekker.


Tweede pouse is hy lus vir 'n pastei,
maar dis nie al wat hy wil kry.
Boeta is lus vir nog 'n lekkerny.

"Ai," sug mamma, "jy moet gesond eet."
Al wat Boeta antwoord is: "Ek weet!"

"Wat van 'n rooi appel of 'n gemengde slaai?
laat ek raai..."

"Nee, dankie, Mamma," is wat Boeta sê.
"Nog 'n stukkie koek, is al wat ek wil hê."

N. Groenewald





LIVEWORKSHEETS

## Vrae [12]

1. **Wat** is die naam van die gedig? (1)

______________________________________________

2. **Wie** het die gedig geskryf? (1)

______________________________________________

3. **Wat** wil Boeta eerste pouse koop? (1)

______________________________________________

4. Dink jy Boeta is 'n gesonde seuntjie? Hoekom sê jy so? (2)

______________________________________________

______________________________________________

5. **Wat** stel sy ma voor om te eet? (1)

______________________________________________

______________________________________________

6. **Wie** dink jy is Juffrou Bekker? (1)

______________________________________________

______________________________________________

7. **Omkring** die korrekte antwoord :

7.1 Die meervoud (plural) van "**appel**" is: (1)

A) apelle

B) appels

C) apels

7.2 Die **verkleining** (diminutive) van "**appel**" is: (1)

A) appelkie

B) apeltjie

C) appeltjie



besoek twinkl.co.za

LIVEWORKSHEETS

7.3 **Watter** intensiewe vorm sal by "rooi" appel pas? (1)

A) bloedrooi

B) appelrooi

C) baie rooi

7.4 **Wat** wil Boeta eerder hê as gesonde kos"? (1)

A) 'n Stukkie koek.

B) 'n Rooi appel.

C) 'n Sjokolade.

7.5 **Wat** is 'n snoepie? (1)

A) Dit is 'n plek waar mens boeke uitneem.

B) Dit is die ma se naam.

C) Dit is 'n winkeltjie waar mens lekkergoed kan koop.

**Totaal Afdeling A: 12**



LIVEWORKSHEETS